



FREE STATE PROVINCE

PROVINCIAL GAZETTE

PROVINSIALE KOERANT

PROVINSIE VRYSTAAT

Published by Authority

SPECIAL

Uitgegeef op Gesag

No. 5

BLOEMFONTEIN, 14 APRIL 2011

BLOEMFONTEIN, 14 APRIL 2011

OFFICE OF THE PREMIER	KANTOOR VAN DIE PREMIER
<p data-bbox="180 1653 770 1686">No. 4 14 April 2011</p> <p data-bbox="180 1742 770 1832">It is hereby notified that the Premier has assented to the following Act which is hereby published for general information:-</p> <p data-bbox="180 1899 770 1955">No. 4 of 2011 : Free State Tourism Authority Amendment Act, 2011</p>	<p data-bbox="786 1653 1353 1686">No. 4 14 April 2011</p> <p data-bbox="786 1742 1353 1832">Hierby word bekend gemaak dat die Premier die onderstaande Wet bekragtig het, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:-</p> <p data-bbox="786 1899 1353 1955">No. 4 van 2011 : Wysigingswet op die Vrystaatse Toerisme Owerheid, 2011</p>

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Free State Tourism Authority Act, 2005, to make provision for the incorporation of the Phakisa Major Sport Events and Development Corporation; to repeal the Phakisa Major Sport Events and Development Corporation Act, 1997; to amend the objects of Authority; to provide further for the term of office and number of Board members, meetings of the Board and remuneration of Board members; to provide for the appointment of a company secretary; to include limitation of liability; to effect technical changes; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Provincial Legislature of the Free State Province as follows:-

(English text assented to and signed by the Premier.)

Amendment of section 3 of Act No. 3 of 2005 5

1. Section 3 of the Free State Tourism Authority, 2005 (Act No. 3 of 2005) (hereinafter referred to as the "Principal Act") is amended by the substitution for subsection (1) of section 3 of the following section: 10

"(1) The objectives of the Tourism Authority must be to ensure the effective and efficient –

(i) marketing of tourism; 15

(ii) promotion of tourism; **[and]**

(iii) development of sustainable tourism within the Province[.] ; and

(iv) promotion of major sport events to promote tourism." 20

Amendment of section 4 of Act No. 3 of 2005

2. Section 4 of the Principal Act is amended by the insertion of paragraph (e) after paragraph (d) of subsection (1): 25

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vetdruk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

___ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Om die Vrystaatse Wet op Toerisme Owerheid, 2005, te wysig om voorsiening te maak vir die inkorporasie van die Phakisa Korporasie vir Groot Sportbyeenkomste en Sportontwikkeling; om die Wet op die Phakisa Korporasie vir Groot Sportbyeenkomste en Sportontwikkeling, 1997, te herroep; om die oogmerke van die Owerheid te wysig; om verder voorsiening te maak vir die termyn en hoeveelheid Raadslede, vergaderings van die Raad en vergoeding van Raadslede; om voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n maatskappy sekretaris; om beperking van aanspreeklikheid in te sluit; om tegniese veranderinge aan te bring; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee gepaard gaan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Vrystaat, soos volg:-

(Engelse teks deur die Premier bekragtig en geteken.)

5

Wysiging van artikel 3 van Wet No. 3 van 2005

10

1. Artikel 3 van die Vrystaatse Wet op Toerisme Owerheid, 2005 (Wet No. 3 van 2005) (hierna verwys as die "Hoofwet") word gewysig deur subartikel (1) van artikel 3 met die volgende artikel te vervang:

"(1) Die doelwitte van die Toerisme Owerheid is om te sorg vir die doelmatige en doeltreffende –

15

(i) bemarking van toerisme;

(ii) bevordering van toerisme; [en]

20

(iii) ontwikkeling van volhoubare toerisme binne die Provinsie[.]; en

(iv) bevordering van groot sportbyeenkomste ten einde toerisme te bevorder."

25

Wysiging van artikel 4 van Wet No. 3 van 2005

2. Artikel 4 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (e) in te voeg na paragraaf (d) van subartikel (1):

“(e) relating to general powers –

- | | | |
|--------|--|----|
| (i) | present or promote major sport events or bid for such events to be held in the Province; | 5 |
| (ii) | negotiate, enter into and vary agreements in relation to the objects of the Tourism Authority; | |
| (iii) | establish the necessary infrastructure and supporting facilities for major sport events; | 10 |
| (iv) | do all other things necessary for or in connection with the conduct, financial and commercial management of each event presented or promoted by the Tourism Authority; | 15 |
| (v) | establish supporting facilities, services and activities in connection with the holding of events; | |
| (vi) | carry on advertising and promotional activities; | 20 |
| (vii) | publish or produce books, programmes, brochures, maps or any other printed material, films, videotapes, souvenirs, apparel or other things relating to events that are presented or promoted by the Tourism Authority; | 25 |
| (viii) | display, exhibit, sell or supply food and beverages, books, programmes, brochures, maps or any other printed material, films, videotapes, souvenirs, apparel or any other goods or services; | |
| (ix) | employ or engage staff or consultants; | 30 |
| (x) | provide consultancy, advisory and project management services; | |
| (xi) | grant, for fee or other consideration, advertising rights, sponsorship rights, broadcasting rights or television rights or any other rights, licence; or concessions in connection with events presented or promoted by the Tourism Authority; | 35 |
| (xii) | take out policies of insurance; | 40 |
| (xiii) | acquire and hold any licence under any law; | |
| (xiv) | appoint agents and attorneys, and act as agent; | |

“(e) met betrekking tot algemene bevoegdhede –

- 5
- (i) groot sportbyeenkomste aanbied of bevorder of ‘n bod maak om sodanige byeenkomste in die Provinsie te hou;
- 10
- (ii) ooreenkomste waarkragtens groot sportbyeenkomste gehou word, onderhandel, aangaan en wysig;
- (iii) die nodige infrastruktuur en ondersteunende geriewe vir groot sportbyeenkomste daarstel;
- 15
- (iv) alle ander dinge doen wat nodig is vir of in verband staan met die hou, finansiële en kommersiële bestuur van elke groot sportbyeenkomste wat deur die Toerisme Owerheid aangebied of bevorder word;
- (v) sportgeriewe en sportdienste daarstel;
- 20
- (vi) advertensie- en reklame-aktiwiteite bedryf;
- (vii) boeke, programme, brosjures, kaarte of enige ander gedrukte materiaal, films, videobande, aandenkings, monderings of ander dinge in verband met groot sportbyeenkomste wat deur die Toerisme Owerheid aangebied of bevorder word, publiseer of vervaardig;
- 25
- (viii) voedsel en drank, boeke, programme, brosjures, kaarte of enige ander gedrukte materiaal, films, videobande, aandenkings, monderings of enige ander goedere of dienste uitstal, vertoon, verkoop of voorsien;
- 30
- (ix) personeel of konsultante aanwend of in diens neem;
- 35
- (x) konsultasie-, advies- en projekbestuurdienste voorsien;
- (xi) advertensieregte, borgskapregte, uitsaairegte of televisieregte of enige ander regte, lisensies of konsessies in verband met byeenkomste wat deur die Toerisme Owerheid aangebied of bevorder word, teen betaling of ‘n ander teenprestasie verleen;
- 40
- (xii) versekeringspolis uitneem;
- (xiii) enige lisensie kragtens enige wet verkry en hou;
- 45
- (xiv) agente en prokureurs aanstel, en as agent optree;

and with the written consent of the Member of the Executive Council –

(xv) enter into an agreement for the presenting, organising, managing and promoting of an event;

5

(xvi) accept money, property, gifts or grants accruing to the Tourism Authority by way of donation award or otherwise;

(xvii) acquire or dispose of real assets;

10

(xviii) enter into a joint venture with another person.”

Amendment of section 5 of Act No. 3 of 2005

3. Section 5 of the Principal Act is amended by –

15

(1) the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) The Board must consist of not more [less] than 7 [**and not more than 9**] members eligible to vote at Board meetings, of whom more than half constitute a quorum.”

20

(2) the deletion of subsection (3).

Amendment of section 10 of Act No. 3 of 2005

25

4. (1) Section 10 of the Principal Act is amended by the substitution for the section of the following:

“10. (1) The term of office of a member, excluding ex officio members, must be for a period not exceeding three years and such term may on expiry be extended for a maximum period of 2 years by the Member of the Executive Council in consultation with the Executive Council.

30

(2) Upon the expiration of the term of office of an appointed member, he or she is eligible for re-appointment [; **Provided that the total period of the term of office of a member may not exceed six years.**

35

(3) **A member holds office on such conditions as to the remuneration, allowances and benefits as the Member of the Executive Council, in consultation with the Member of the Executive Council responsible for Finance, may from time to time determine.**

40

45

en met die skriftelike toestemming van die Lid van die Uitvoerende Raad –

(xv) 'n ooreenkoms aangaan vir die aanbieding, organisering, bestuur en bevordering van 'n groot sportbyeenkoms;

(xvi) geld, eiendom, geskenke of bydraes wat aan die Toerisme Owerheid toeval by wyse van skenking, beloning of andersins, aanneem;

(xvii) vaste bates verkry en daaroor beskik;

(xviii) 'n gesamentlike onderneming met 'n ander persoon aangaan.'

Wysiging van artikel 5 van Wet No. 3 van 2005

3. Artikel 5 van die Hoofwet word gewysig deur–

(1) die vervanging van subartikel (2) deur die volgende subartikel:

“(2) Die Raad moet uit [**minstens**] hoogstens 7 [**en hoogstens 9**] lede bestaan wat stemgeregtig is by Raadsvergaderings, waarvan meer as die helfte 'n kworum uitmaak.”.

(2) die skapping van subartikel (3).

Wysiging van artikel 10 van Wet No. 3 van 2005

4. (1) Artikel 10 van die Hoofwet word gewysig deur die artikel met die volgende artikel te vervang:

“10. (1) Die ampstermyn van 'n lid, met uitsluiting van *ex officio* lede, is vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar en sodanige tydperk kan vir 'n maksimum tydperk van 2 jaar verleng word deur die Lid van die Uitvoerende Raad in konsultasie met die Uitvoerende Raad.

(2) By die verstryking van 'n aangestelde lid se ampstermyn, is hy of sy benoembaar vir her-aanstelling: **Met dien verstande dat die totale tydperk van die lid nie ses jaar oorskry nie.**

(3) 'n Lid beklee sy amp op sodanige voorwaardes wat betref die vergoeding, toelaes en voordele as wat die Lid van die Uitvoerende Raad, in raadpleging met die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Finansies, van tyd tot tyd mag bepaal.

(4) The members are entitled to be reimbursed for any travelling and subsistence expenses reasonably incurred by them in connection with the performance of their functions as members and may for that purpose be paid such allowances as the Member of the Executive Council, in consultation with the Executive Council, may determine.] 5

(3) Members of the Board who are not in the full-time service of the State or the Province may, in respect of their services, be paid such remuneration and allowances from the funds of the Board as may be determined by the Member of the Executive Council in consultation with the Executive Council and in line with guidelines from the National Treasury.” 10
15

Insertion of section 11A in Act No. 3 of 2005

5. The following section is inserted in the Principal Act after section 11: 20
“**Appointment of company secretary**”

- 11A. (1) The Board shall appoint the company secretary.
- (2) The company secretary shall hold office on such terms and conditions (including the payment of remuneration and allowances) as determined by the members of the board. 25
- (3) The company secretary shall be responsible for all administrative work in connection with the performance of the duties or the exercise of the powers of the board of directors. 30
- (4) The company secretary has the responsibilities of a company secretary as prescribed by the Companies Act, 1973.”

Amendment of section 14 of Act No. 3 of 2005 35

6. Section 14 of the Principal Act is amended by –

(1) the substitution of subsection (1) of the following subsection: 40

“(1) The first meeting of the Board must be held on a date, place and time determined by the Member of the Executive Council, and subsequent meetings of the Board must be held on such dates and at such times and places as may be determined by resolution of the Board or, failing such a resolution, as may be determined by the Chairperson: Provided that the Board [**must meet at least once every quarter**] may not meet more than six times a year.” 45

5 (4) Die lede is daarop geregtig om vergoed te word vir enige uitgawes vir reis en verblyf wat redelikerwys deur hulle aangegaan word in verband met die uitvoering van hul funksies as lede en kan vir daardie doel sodanige toelaes betaal word soos wat die Lid van die Uitvoerende Raad in raadpleging met die Uitvoerende Raad, mag bepaal.]

10 (3) Lede van die Raad wat nie in die voltydse diens is van die Staat of die Provinsie mag, ten opsigte van hulle dienste, sodanige vergoeding en toelaes betaal word uit die fondse van die Raad soos wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad vasgestel word in oorleg met die Uitvoerende Raad en in ooreenstemming met riglyne van die Nasionale Tesourie.

15

Invoeging van artikel 11A in Wet No. 3 van 2005

20 5. Die volgende artikel word ingevoeg in die Hoofwet na artikel 11:

"Aanstelling van maatskappy sekretaris

- 25 11A. (1) Die Raad moet 'n maatskappy sekretaris aanstel.
- (2) Die maatskappy sekretaris moet sy of haar amp beklee op sodanige voorwaardes (met inbegrip van die betaling van vergoeding en toelaes) soos deur die lede van die Raad vasgestel.
- 30 (3) Die maatskappy sekretaris moet verantwoordelik wees vir alle administratiewe werk in verband met die uitvoer van pligte of die uitoefening van die bevoegdhede van die direksie.
- (4) Die maatskappy sekretaris is soos voorgeskryf deur die Wet op Maatskappye, 1973.
- 35

Wysiging van artikel 14 van Wet No. 3 van 2005

40 6. Artikel 14 van die Hoofwet word gewysig deur –

(1) die vervanging van subartikel (1) met die volgende subartikel:

45 "(1) Die eerste vergadering van die Raad moet gehou word op 'n datum, plek en op 'n tyd wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad bepaal word, en daaropvolgende vergaderings van die Raad moet gehou word op sodanige datums en op sodanige tye en plekke wat vasgestel kan word deur 'n besluit van die Raad of, in gebreke van so 'n besluit, soos deur die Voorsitter bepaal: Met dien verstande dat die Raad [**minstens een keer per kwartaal byeenkom**] hoogstens ses keer 'n jaar mag vergader."; en

Free State Tourism Authority Amendment Act, 2011

- (2) the substitution of paragraph (a) of subsection (2) of the following paragraph:

“(2) The Chairperson –

- (a) may at any time call for a special meeting of the Board if it is justified under the circumstances whereupon the chairperson must submit a report to the Member of the Executive Council stating the circumstances and reasons for calling a special meeting; and”.

5

10

Amendment of section 19 of Act No. 3 of 2005

7. Section 19 of the Principal Act is amended by the substitution of subsection (3) of the following subsection:

15

“(3) [Subject to subsection (1), the Tourism Authority is prohibited from collecting or accepting money from any other source] The Tourism Authority may collect or accept funding from any legal source.”.

20

Deletion of sections 20, 21, 22, 24, 25, 26 and 27 of Act No. 3 of 2005

8. Sections 20, 21, 22, 24, 25, 26 and 27 of the Principal are deleted.

Insertion of new section 20 in Act No. 3 of 2005

25

9. The following new section 20 of the Principal Act is inserted after section 19:

“Financial management of the Tourism Authority

20. (1) Financial management financial accountability of the Tourism Authority is regulated by the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999).

30

- (2) The annual financial statements of the Tourism Authority must be audited by the Auditor General.”.

35

- (2) die vervanging van paragraaf (a) van subartikel (2) met die volgende paragraaf:

“(2) Die Voorsitter –

- (a) kan te eniger tyd ‘n spesiale vergadering van die Raad byeenroep indien dit deur omstandighede geregverdig word waarna die voorsitter ‘n verslag aan die Lid van die Uitvoerende Raad moet voorlê waarin die omstandighede en redes vir die byeenroeping van ‘n spesiale vergadering uiteengesit word; en”.

Wysiging van artikel 19 van Wet No. 3 van 2005

7. Artikel 19 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (3) met die volgende subartikel te vervang:

“(3) [Behoudens subartikel (1), word die Toerisme Owerheid verbied om geld van enige ander bron in te samel of te ontvang] Die Toerisme Owerheid kan fondse insamel en ontvang vanaf enige wettige bron.”.

Skrapping van artikels 20, 21, 22, 24, 25, 26 en 27 van Wet No. 3 van 2005

8. Artikels 20, 21, 22, 24, 25, 26 en 27 van die Hoofwet word geskrap.

Invoeging van nuwe artikel 20 in Wet No. 3 van 2005

9. Die volgende nuwe artikel 20 van die Hoofwet word ingevoeg na artikel 19:

“Finansiële bestuur van die Toerisme Owerheid

20. (1) Die finansiële bestuur en finansiële aanspreeklikheid van die Toerisme Owerheid word gereguleer deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet Nr. 1 van 1999).
- (2) Die jaarlikse finansiële state van die Toerisme Owerheid moet geoudit word deur die Ouditeur-Generaal”.

Insertion of section 29A in Act No. 3 of 2005

10. The following section is inserted in the Principal Act after section 29:

“Limitation of liability 5

“29A. Neither the State nor any organ of state or person exercising any power or performing any duty in terms of this Act is liable for any loss or damage resulting from an act or omission in good faith in the exercise of such power or the performance of such duty, unless gross negligence is proved.”. 10

Incorporation of dissolved Corporation

11. (1) The dissolved Corporation must be incorporated into the Tourism Authority. 15

(2) For purposes of this section and section 12, **“dissolved Corporation”** means the Corporation established by or under an Act repealed by this Act.

Repeal and savings 20

12. (1) Subject to the provisions of subsections (2) and (3), the laws referred to in the Schedule are hereby repealed.

(2) At the commencement of this Act – 25

(a) all assets, liabilities, rights and obligations of a dissolved Corporation shall vest in the Tourism Authority: Provided that the Member of the Executive Council may by notice in the *Provincial Gazette* further regulate matters relating to the assets, liabilities, rights and obligations of the dissolved Corporation, including the transfer thereof to any entity, person or body: Provided further that such administrative records and other documents of a dissolved Corporation as may be determined by the Member of the Executive Council shall be transferred to the Tourism Authority or such entity, person or body; 30

(b) any person who immediately before such commencement was an employee of a dissolved Corporation shall become an employee of the Tourism Authority: Provided further that the Member of the Executive Council may by notice in the *Provincial Gazette* regulate matters relating to the further transfer of an employee of the dissolved Corporation; 40

Invoeging van artikel 29A in Wet No. 3 van 2005

10. Die volgende artikel word ingevoeg in die Hoofwet na artikel 29:

5

“Beperking van aanspreeklikheid

10

“29A. Nòg die staat nòg enige staatsorgaan of persoon wat enige bevoegdheid uitoefen of enige plig uitvoer ingevolge hierdie Wet is aanspreeklik vir enige verlies of skade wat spruit uit ‘n optrede of versuim te goeder trou in die uitoefening van sodanige bevoegdheid of die uitvoering van sodanige plig, tensy growwe nalatigheid bewys word.”

Inkorporasie van die ontbinde Korporasie

15

11. (1) Die ontbinde Korporasie moet in die Toerisme Owerheid geïnkorporeer word.

20

(2) Vir doeleindes van hierdie artikel en artikel 12 beteken, “**ontbinde Korporasie**” die Korporasie wat deur of kragtens ‘n Wet wat deur hierdie Wet herroep word, ingestel is.

Herroeping en voorbehoudbepalings

25

12. (1) Onderhewig aan die bepalinge van subartikels (2) en (3), word die wette waarna in die Bylae verwys word hiermee herroep.

30

(2) Met die inwerkingtreding van hierdie Wet -

35

(a) moet alle bates, laste, regte en verpligtinge van ‘n ontbinde Korporasie berus by die Toerisme Owerheid: Met dien verstande dat die Lid van die Uitvoerende Raad sake wat verband hou met bates, laste, regte en verpligtinge van die Korporasie, met inbegrip van die oordrag daarvan aan enige entiteit, persoon of liggaam, by wyse van kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verder kan reguleer: Met dien verstande ook dat sodanige administratiewe rekords en ander dokumente van ‘n ontbinde agentskap soos wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad vasgestel kan word oorgedra sal word aan die Toerisme Owerheid of sodanige entiteit, persoon of liggaam;

40

(b) enige persoon wat onmiddellik voor sodanige inwerkingtreding ‘n werknemer was van ‘n ontbinde Korporasie sal ‘n werknemer word van die Toerisme Owerheid: Met dien verstande verder dat die Lid van die Uitvoerende Raad by wyse van kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* sake wat verband hou met die verdere oordrag van ‘n werknemer van die ontbinde Korporasie verder kan reguleer;

45

Free State Tourism Authority Amendment Act, 2011

- (c) any person who immediately before such commencement was a director of the dissolved Corporation shall retire: Provided that the Member of the Executive Council may appoint such person as a director of the Tourism Authority. 5
 - (d) any person who immediately before such commencement of this Act was a member of the Board of the Tourism Authority remain, notwithstanding the reduction of the number of members of the Board, a member of the Board of the Tourism Authority until his or her term of office expire. 10
 - (3) Anything done before the commencement of this Act in terms of the provisions of repealed Act –
 - (a) by or on behalf of a dissolved Corporation and which could have been done by the Member of the Executive Council in terms of the provisions of this Act, shall be deemed to have been done by the Member of the Executive Council in terms of the latter provisions; 15
 - (b) by or on behalf of the Member of the Executive Council and which could have been done by him or her in terms of the provisions of this Act, shall be deemed to have been done by the Member of the Executive Council in terms of the latter provisions; 20
 - (c) by or on behalf of a dissolved Corporation and which could have been done by the Tourism Authority in terms of the provisions of this Act, shall be deemed to have been done by the Tourism Authority in terms of the latter provisions. 25
 - (4) The Registrar of Deeds concerned shall as soon as may be practicable after the commencement of this Act make such entries or endorsements in or on any relevant register, title deed or other document in his or her office or submitted to him or her, as he or she may deem necessary in order to give effect to the provisions of subsection (2)(a). 30
- 35

Short title

13. This Act is called the Free State Tourism Authority Amendment Act, 2011 and it commences on a date determined by the Premier in the *Provincial Gazette*.

- 5 (c) enige persoon wat onmiddellik voor sodanige inwerkingtreding 'n direkteur van 'n ontbinde Korporasie was moet uit diens tree: Met dien verstande dat die Lid van die Uitvoerende Raad sodanige persoon as 'n direkteur van die Toerisme Owerheid kan aanstel.
- 10 (d) Enige persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n Lid van die Raad van die Toerisme Owerheid was, bly sodanige lid van die Raad van die Toerisme Owerheid totdat sy of haar ampstermyn verstryk, ondanks die vermindering van lede van die Raad.
- 15 (3) Enigiets wat gedoen is voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge die bepalings van herroepe Wet -
- (a) deur of namens 'n ontbinde Korporasie en wat gedoen kon word deur die Lid van die Uitvoerende Raad ingevolge die bepalings van hierdie Wet, sal geag word asof dit gedoen is deur die Lid van die Uitvoerende Raad ingevolge laasgenoemde bepalings;
- 20 (b) deur of namens die Lid van die Uitvoerende Raad en wat deur hom of haar gedoen kon word ingevolge die bepalings van hierdie Wet, sal geag word asof dit gedoen is deur die Lid van die Uitvoerende Raad ingevolge laasgenoemde bepalings;
- 25 (c) deur of namens 'n ontbinde Korporasie en wat gedoen kon word deur die Toerisme Owerheid ingevolge die bepalings van hierdie Wet, sal geag word asof dit gedoen is deur die Korporasie ingevolge laasgenoemde bepalings.
- 30 (4) Die betrokke Registrateur van Aktes moet so gou as wat moontlik is na die inwerkingtreding van hierdie Wet sodanige inskrywings of endossemente in of op enige relevante register, titelakte of ander dokument in sy of haar kantoor doen of wat by hom of haar ingedien is, soos wat hy of sy nodig mag ag ten einde uitvoering te gee aan die bepalings van subartikel (2)(a).
- 35

Kort titel

13. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Vrystaatse Toerisme Owerheid, 2011 en tree in werking op 'n datum bepaal deur die Premier in the *Provinsiale Koerant*.

SCHEDULE

Laws repealed

Name and Year of Law	Extent of Repeal
1. Phakisa Major Sport Events and Development Corporation Act, 1997 (Act No. 4 of 1997)	The whole
2. Phakisa Major Sport Events and Development Corporation Amendment Act, 2003 (Act No. 2 of 2003)	The whole
3. Phakisa Major Sport Events and Development Corporation Amendment Act, 2010 (Act No. 2 of 2010)	The whole

BYLAE**Wette wat herroep word**

Naam en Jaar van Wet	Omvang van Herroeping
1. Wet op die Phakisa Korporasie vir Groot Sportbyeenkomste en Sportontwikkeling, 1997 (Wet No. 4 van 1997)	In geheel
2. Wysigingswet op die Phakisa Korporasie vir Groot Sportbyeenkomste en Sportontwikkeling, 2003 (Wet No. 2 van 2003)	In geheel
3. Wysigingswet op die Phakisa Korporasie vir Groot Sportbyeenkomste en Sportontwikkeling, 2010 (Wet No. 2 van 2010)	In geheel

PROVINCIAL GAZETTE
(Published every Friday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Officer in charge of the Provincial Gazette, P.O. Box 517, Bloemfontein, Tel.: (051) 403 3139. Free Voucher copies of the Provincial Gazette or cuttings of advertisements are NOT supplied.

Subscription Rates (payable in advance)

The subscription fee for the Provincial Gazette (including all Extraordinary Provincial Gazettes) are as follows:

SUBSCRIPTION: (POST)

PRICE PER COPY	R 18.80
HALF-YEARLY	R469.40
YEARLY	R938.80

SUBSCRIPTION: (OVER THE COUNTER / E-MAIL)

PRICE PER COPY	R 11.10
HALF-YEARLY	R 277.90
YEARLY	R 555.80

Stamps are not accepted

Closing time for acceptance of copy

All advertisements must reach the Officer in Charge of the Provincial Gazette **not later than 16:00, three working days** prior to the publication of the Gazette. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week, or if desired by the advertiser, will be inserted in the current issue as a "Late Advertisement". In such case the advertisement must be delivered to the Officer in Charge **not later than 08:00 on the Tuesday** preceding the publication of the Gazette and double rate will be charged for that advertisement.

A "Late Advertisement" will not be inserted as such without definite instructions from the advertiser.

Advertisement Rates

Notices required by Law to be inserted in the Provincial Gazette: R15.30 per centimeter or portion thereof, single column.

Advertisement fees are payable in advance to the Officer in charge of the Provincial Gazette, P.O. Box 517, Bloemfontein, 9300, Tel.: (051) 403 3139.

NUMBERING OF PROVINCIAL GAZETTE

You are hereby informed that the numbering of the Provincial Gazette /Tender Bulletin and notice numbers will from 2010 coincide with the relevant financial year. In other words, the chronological numbering starting from one will commence on or after 1 April of every year.

Printed and published by the Free State Provincial Government

PROVINSIALE KOERANT
(Verskyn elke Vrydag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Beampte Belas met die Provinsiale Koerant, Posbus 517, Bloemfontein, Tel.: No. (051) 403 3139 geadresseer word. Gratis eksemplare van die Provinsiale Koerant of uitknipsels van advertensies word NIE verskaf nie.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar)

Die intekengeld vir die Provinsiale Koerant (insluitend alle Buitengewone Provinsiale Koerante) is soos volg:

INTEKENGELD: (POS)

PRYS PER EKSEMPLAAR	R 18.80
HALFJAARLIKS	R469.40
JAARLIKS	R938.80

INTEKENGELD: (OOR DIE TOONBANK / E-POS)

PRYS PER EKSEMPLAAR	R 11.10
HALFJAARLIKS	R 277.90
JAARLIKS	R 555.80

Seëls word nie aanvaar nie.

Sluitingstyd vir die Aannee van Kopie

Alle advertensies moet die Beampte Belas met die Provinsiale Koerant bereik **nie later nie as 16:00 drie werksdae** voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week, of as die adverteerder dit verlang, sal dit in die Koerant wat op die pers is as 'n "Laat Advertensie" geplaas word. In sulke gevalle moet die advertensie aan die Beampte oorhandig word **nie later nie as 08:00 op die Dinsdag** voordat die Koerant gepubliseer word en dubbeltarief sal vir dié advertensie gevra word.

'n "Laat Advertensie" sal nie sonder definitiewe instruksies van die Adverteerder as sodanige geplaas word nie.

Advertensietariewe

Kennisgewings wat volgens Wet in die Provinsiale Koerant geplaas moet word: R15.30 per sentimeter of deel daarvan, enkel-kolom.

Advertensiegelde is vooruitbetaalbaar aan die Beampte belas met die Provinsiale Koerant, Posbus 517, Bloemfontein 9300, Tel.: (051) 403 3139.

NOMMERING VAN PROVINSIALE KOERANT

U word hiermee in kennis gestel dat die nommering van die Provinsiale Koerant / Tender Bulletin en kennisgewingnummers vanaf 2010 met die betrokke boekjaar sal ooreenstem. Met ander woorde, die kronologiese nommering beginnende met een, sal op of na 1 April van elke jaar begin.

Gedruk en uitgegee deur die Vrystaatse Provinsiale Regering